Towerlantern Fotografie

fotografienuus

junie 2018

"Ons wonderlike herfs"
Lensopening: f5.6; Sluiterspoed: 1/200 sekonde; Fokale lengte: 115 mm
Datum en tyd geneem: 23 Mei 2018, 12:20

Die wonderlike ding van ons herfs – in teenstelling met ons lente – is dat dit voel asof dit net aanhou en aanhou. As jy twyfel, die eerste herfsblare het al in Februarie verskyn. En die laastes sal sekerlik eers in Julie val.

Dus: Die foto's wag vir jou! Elke dag. Die mooi toneel op die foto het ek een middag om eenuur gesien, op pad na 'n klas. Ek kon nie stop nie en het toe die volgende dag 12:00 gegaan en my foto's gekry.

Lees gerus in hierdie uitgawe meer oor 'n verskeidenheid sake. Ons gesels onder andere oor herfsfotografie en ook oor komende bedrywighede van Towerlantern Fotografie.

Geniet dit!

Johan

voorbladfoto

Dalk mag jy sê die voorbladfoto is niks besonders nie, hoogstens 'n kiekie. Wel, moontlik is jy reg.

Maar die voorbladfoto illustreer iets waaraan min mense dink; en dit is om teen die son in 'n foto te neem, en nie saam met die son nie. En laasgenoemde is wat mense met selfone oral loop en doen. Let dus op hoe die blare gloei – dít in teenstelling met die foto hierby.



Lensopening: f5.6; Sluiterspoed: 1/200 sekonde;
Fokale lengte: 115 mm
Datum en tyd geneem: 23 Mei 2018, 12:18

Let op dat die kamerabesonderhede van hierdie twee foto's presies dieselfde is en dat die tydstippe wat dit geneem is slegs 2 minute uit mekaar is. Alles is dus dieselfde, máár die kameraposisies verskil.

Hou dié saak altyd in gedagte by jou foto's. En kry trefferfoto's, al is dit kiekies!

JOU FOTO'S: WERKLIKHEID OF NIE?



Die fotograaf Richard Avedon het op 'n keer gesê: "All photographs are accurate. None of them is the truth." Stem jy hiermee saam?
Die opmerking kan ook anders geformuleer word, naamlik dat geen foto die presiese werklikheid weerspieël nie. Die feit dat die werklikheid driedimensioneel is en 'n foto tweedimensioneel, sê dit. Maar daar kan verder gegaan word met die saak. Die foto hierby toon 'n niewerklikheid (en vir die wete, dit is nie per rekenaar gemanipuleer nie). Ek sou jou na die posisie kon neem waar die driepoot gestaan het vir die foto – en jy sal die toneel nie vind nie. En dis bloot omdat die kamera nie op dieselfde manier kyk as wat 'n mens kyk nie. Gebruik dié vermoë van jou kamera om ook niewerklike foto's te neem.
Die groot pret is dat jy op dié manier foto's kan neem wat geen ander mens ooit sal kan doen nie (en, jammer om te sê, jy ook nie!).

Hœ lyk jou herfsfoto's?

Riglyne

Stel jou ten doœl om in die volgende weke – totdat die herfs heeltemal verby is – elke dag of twee 'n paar besondere herfsfoto's te neem. Al is dit dan nou ook maar net met jou selfoon. As jy dit gereeld doœn, gaan dit maak dat jy 'n nuwe belewenis en waardering van die natuur, die skepping, kry. En moontlik sal jy dan saam met die digter van Psalm 104 sê: "Mag hierdie bepeinsinge van my vir Hom aanneemlik wees! Ek wil my in die Here verbly." (vers 34).

Om jou in die saak van goeie herfsfoto's by te staan, gee ons 'n klompie wenke. Dis nie absolute wenke nie, maar dit sal baie help:

- *Driepoot:* Dit is altyd goed om van 'n driepoot gebruik te maak – al is dit dan net ter wille van 'n goeie komposisie.
- *Lenskeuse en kameraformaat:* Maak enige keuse, afhangend van wat jy wil afneem: 'n volle boom of takke of net blare.
- *Komposisie*: Dis soms moeilik om 'n goeie komposisie te kry, veral as dit net takke en blare is. Probeer nogtans in so 'n geval 'n ankerpunt te kry, byvoorbeeld 'n dikkerige tak.
- *Voorlopige fokussering:* Gebruik handfokussering en fokus voorlopig op 'n item wat ook die uiteindelike trefpunt gaan wees.
- *ISO:* Kies soos altyd 'n lae ISO, byvoorbeeld 100 of 200.
- *Witbalans:* Kyk na die beligting van die toneel en besluit self.
- Lensopening: Besluit op 'n gepaste lensopening; varieer verder indien nodig.
- *Sluiterspoed:* Gebruik die liniaal om die "korrekte" instelling te kry. Die sluiterspoed kan heelwat varieer. As die wind byvoorbeeld waai, kan jy besluit watter effek jy wil hê: skerp blare of blare wat "beweging" wys.
- *Fyn fokussering:* Fokusseer skerp. As die wind waai, kan dit moeilik wees – wend jou dan tot impressionistiese foto's waar die blare onskerp mag wees.

Gaan voort met die fotosessie – elke dag; die herfs gaan nie tot in Augustus aanhou nie. Begin met variasies, wees kreatief, probeer elke dag iets anders as die vorige dag.

OP INTERNET GESIEN

Frank Machalowski (https://www.machalowski.de/) is 'n Duitse fotograaf en bekend vir sy foto's wat geneem word met 'n lang (stadige) sluiterspoed. Hy neem foto's van skare mense, maar natuurlik is die uiteinde dan net 'n wasigheid en kan jy nie die individue sien nie. Dit skep nogal 'n spookagtige gevoel, of wat sê jy?

'n Oomblik in tyd

Fanie Coetzee

Lensopening: f13; Sluiterspœd: 1/160 sekonde; Fokale lengte: 600 mm

Dit was op 1 Mei, net na 9:00, ongeveer 15 km noord van Satara. Vyf jong leeus het eers 'n lokval vir 'n sebra gestel. Nadat dit misluk het en ons hulle soos huiskatte te heerlik in die lang gras sien speel het, het ons besluit om die lang pad na Skukuza te vat. Pas by die lang ry motors verby, merk ons op dat van die leeus agter ons oor die pad loop terwyl twee aan die duskant teen die pad stelling inneem. Die aanval was skielik en gœd beplan (sonder 'n vergadering) en die wildebees het voor ons oor die pad, reg in die kloue van die twee wagtende leeus gehardloop.

Die grootste van alles – ek kon dit afneem, vanaf 'n verhoogde stuk pad; in die oopte, sommer so 15 meter van ons af.

Deel gerus saam met ons deur na die video op You Tube te kyk by:
https://youtu.be/xgplTÆV-pU

Dit was 'n besondere voorreg. Iets wat dalk net een keer in 'n mens se lewe gebeur. Perfekte tydsberekening – 'n oomblik in tyd!

"To photograph is to hold one's breath,
when all faculties converge to capture fleeting reality.
It's at that precise moment that mastering an image
becomes a great physical and intellectual joy."
~Henri Cartier-Bresson~

Facebook-kompetisie en Eisteddfods

Van ons fotografievriende het in die onlangse tyd goed gevaar in fotokompetisies. In hierdie uitgawe van *Fotografienuus* noem ons 'n paar van wie ons bewus is. Baie geluk!

Bergland Photography is reeds vir 'n paar jaar 'n bekende kompetisie-Facebook-groep wat deur een van ons fotografievriende, Renette van der Merwe, bedryf word.

Pedro Rankin skryf die volgende: "Ek het goud gekry by Bergland Fotografie vir die foto. Dit was ook 'n foto wat ek sommer op die ingewing van die oomblik geneem het toe ek die toneel raaksien. Dit was onder die titel "Seetonele".

Die foto is enkele jare gelede vanaf die strand op Gordonsbaai in die laat namiddag geneem. Ek het nie eens gedink aan komposisiereëls nie. Ek dink dit was nog voordat ek bewus was van die belangrikheid van komposisie. Die foto is nie geredigeer nie.

Kaylen Kroese is een van ons jonger fotografie-studente. Sy skryf: "Ek het deelgeneem aan die jaarlikse Gimmie Eisteddfod en het 2 jaar na mekaar die prestasie van kategoriewenner behaal." Hierby is een van haar wenfoto's. Kaylen skryf oor hierdie foto: "Ek is genooi na 'n plaas toe om perde te gaan afneem, met die gedagte aan die Eisteddfod wat op pad is. Soos die tyd verbygegaan het, het ek my bril op die tafel neergesit. Toe ek uiteindelik tot rus kom, het ek die idee van die sonbril en die sonsak gekry, en het dadelik die oomblik vasgevang.

vervolg op die volgende bladsy

vervolg van die vorige bladsy

Facebook-kompetisie en Eisteddfods

Jamie Kruger, 'n deelnemer aan die onlangse Eisteddfod, het met sy foto ook 'n goud gekry. Hy skryf soos volg:

"My pa en ek neem graag foto's wanneer herfsblare op die net oor ons swembad lê. Die blare lê in die vlak water en mens kan dan mooi foto's kry. My pa het my geleer om vroeg in die oggend foto's te neem want dan is die lig nie direk op die water nie. As mens die kamera reg plaas is daar goue lig wat van die huis se mure op die water val. Ek kies my blare mooi en plaas hulle dan in die raampie (ek weet al iets van derdes!). Ek het ook geleer om die velddiepte vlak te maak sodat die net oor die swembad nie te opsigtelik is nie. Ek het die gogga eers gesien toe ek na die foto kyk.

"Ek is in graad 10 en neem sedert graad 8 elke jaar aan Gimmies se kunswedstryd deel. Ek het al 'n prys vir 'n stillewe gewen maar eintlik hou ek die meeste daarvan om ons katte af te neem."

TOWERLANTERN SE KURSUSSE

Dit is altyd goed om soms van standaardroetines weg te breek. Aan die ander kant is dit ook goed om by gevestigde gebruike te bly. Dan weet lesers en ander belangstellendes wat om te verwag. Wat dié saak betref, noem ons graag die volgende in verband met die kursusse wat Towerlantern Fotografie *jaarliks* in Potchefstroom aanbied, en ook *deurgaans* aanlyn:

- ✓ Eerstevlakkursusse in Potchefstroom, een keer per kwartaal. Die volgende begin DV op 24 Julie 2018.
- ✓ Eerstevlakkursus aanlyn, deurgaans. Dié kursus begin as't ware nou, die oomblik wanneer jy inskryf.
- ✓ Gevorderdevlakkursus in Potchefstroom, twee keer per jaar. Die volgende begin DV op 21 Augustus 2018.
- ✓ Gevorderdevlakkursus aanlyn, ook deurgaans. Ook dit kan op enige tydstip begin, die oomblik wanneer jy inskryf.

Doen gerus navraag oor enige van hierdie kursusse. Inligtingstukke in verband met die twee komende Potchefstroom-kursusse sal binnekort uitgestuur word.

Zœm jy of fokus jy? Besef dat die meeste lensstelsels twee instelringe het – die een vir fokussering en die ander een vir in- en uitzœm. En weet wanneer om wat te gebruik.
Weet ook wanneer om uit te zœm (die mm-lesing op die lens word kleiner) en wanneer om in te zœm (die mm-lesing word groter).
Die twee foto's hierby wys twee uiterstes:

- ✓ Die waterval is baie wyd en daarom mœs *uitgezœm* word om 'n wye hœk te kry. Die fokale lengte is 16 mm.
- ✓ Die sonsondergangtoneel is baie smal. Die ligstrepie op die horison was so effens dat daar baie *ingezœm* mœs word vir 'n baie smal hœk, en ook vir effek. Die fokale lengte is 300 mm.

foto wenk





Hiermee word jy uitgenooi na 'n uitstalling van foto-, skilder- en ander kunswerke. Die besonderhede is soos volg:
Saak en kunsstelling: Following the 'statement' we made in "Le Resistance" 1 (***that all creativity should be respected and developed, and should be seen as a TALENT and GIFT from GOD***), the only pre-requisite(s) for the artworks will be that the artist(s) will bring honour to God through their art and creativity. Also that they will be willing to express and portray beauty by any means or manner (also any form of art/creativity) as well as to find, examine and explore it in THEMSELVES.

Datum van opening: 5 Junie om 18:00
Plek: Potchefstroom Hoofmuseum
Die uitstalling duur vir die res van Junie.

FOTO uitdaging

Mei & Junie

Ons gereelde lesers is nou al bewus van ons maandeliks foto-uitdaging waaraan enige fotograaf mag deelneem.

Die April-uitdaging is gewen deur André Victor, soos in ons vorige uitgawe genœm. Hy skryf oor hierdie prys die volgende: "Baie dankie dit is vir my 'n groot eer. Soos jy my ook oor die jare leer ken het, wil ek graag die R300 terugplœg. So, die volgende uitdaging kan R600 wees of julle kan die geld aanwend soos julle gœddink."

Baie dankie André, ons waardeer dit. Die prysgeld vir ons volgende foto-uitdaging maak ons R450.

Mei

Mei se foto-uitdaging is eenvoudig soos volg bewoord: Neem idilliese weerkaatsingsfoto's. Die beoordelaars se mening was dat die foto wat die naaste aan 'n idilliese weerkaatsing kom, die meegaande foto van Andri Schoonen is.



"Sonsopkoms, Tanglewood" – Andri Schoonen

Andri skryf die volgende oor haar foto: "Ek het hierdie foto by Tanglewood Nature Estate geneem tydens die sonsopkoms. Die wasige beeld van die dam het my asem nogal weggeslaan. Dit was nou voorwaar 'n lekker ervaring! Ek neem foto's onder die handelsnaam *Moments Like This Photography*."

Junie

Hier is die foto-uitdaging vir Junie: Herfsfoto's.
Hœwel hierdie tema maklik lyk, sal die beoordelaars let op maksimale kreatiwiteit. Die prys is R450 vir die beste foto. Dit staan die paneel vry om te besluit of 'n prys tœgeken sal word of nie. Die foto mœt geneem wees gedurende die tydperk 1 tot 25 Junie 2018.

TOWERLANTERN SE VOLGENDE FOTO-UITSTALLING

Die tyd kom nader vir Towerlantern Fotografie se jaarlikse foto-uitstalling. Hiermee word jy uitgenooi om aan dié geleentheid deel te neem.

Begin dus nou al om aandag te gee aan moontlike uitstalfoto's. Skep 'n vouer waarin jy jou beste foto's vir eie oorweging plaas. Dit word werklik aanbeveel dat jy deelneem – dit is net in jou eie belang. Dit gee ook soveel meer van 'n uitdaging as jy jou foto's uitgedruk, gemonteer en gehang sien.

Kom neem dus asseblief deel. Daar is ongeveer plek vir 50 uitstallers, mœt dus nie te lank op jou laat wag nie. Die formele kennisgewing sal binnekort apart uitgestuur word.

Ons nœm nou ook al die volgende sake:

- ✓ Die bedœling met die uitstalling is om jou as fotograaf die geleentheid te gee om van jou werke te vertoon. Die geleentheid is NIE 'n kompetisie NIE, en foto's van elke fotograaf wat foto's instuur, sal uitgestal word.
- ✓ Enige student (ouer en nuwer) van Towerlantern Fotografie mag deelneem. Dit sluit ook aanlynstudente in; ons sal help met die praktiese aspekte.
- ✓ Tien foto's mœt ingestuur word, waarvan drie gekeur sal word vir uitstalling. Dié drie mœt gemonteer word volgens voorskrifte wat gegee sal word. Nog vier ander foto's van die sewe oorblywendes sal elektronies vertoon word.
- ✓ Die datum van die uitstalling is 13 tot 15 Augustus 2018.

Redakteur: Johan de Klerk **Bladuitleg:** Fransa Vorster van Colourcode Designs